NG CERESVALLEI FINANSIELE RESULTATE VIR DIE JAAR GEEINDIG 28 FEBRUARIE 2018

Graag verskaf die taakspan van finansies n kort opsomming oor die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2018.

Die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 is opgestel en deur ouditeure afgeteken. Die oudit proses het goed verloop en baie dank aan Dore Fourie en Marizelle Louw vir hulle flinke diens en bystand met die hele oudit proses. Die finansiële state is deur die taakspan van finansies en gemeenteraad goedgekeur en by die sinode ingedien. Vir verdere insae met betrekking tot die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018, kan enige lid by die kerkkantoor navraag doen.

Die jaar onder oorsig het baie goed verloop ten danke aan die sukses van die basaar en goeie bestuur van bedryfsuitgawes. Die jaar word afgesluit met n klein netto kontant tekort van R5,315. Groot bydraende faktor vir die kontant tekort is die afname in gemeentelike bydraes vanuit kollektes en dankoffers, deurdat dit 5% en 12% swakker toe is as vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. In totaal is ons totale gemeente inkomste egter 1% beter as verlede jaar dieselfde tyd, as gevolg van n baie suksesvolle basaar.

Die bedryfsuitgawes word baie goed beheer en in lyn met die begrote syfers. Enigste oorspandering was vir die ontwerp van die nuwe logo, wat ingesluit is by diverse uitgawes. Die oorspandering word egter opgemaak deur onderspandering op ander gebiede.





	2018 R	2017 R
INKOMSTES		
Gemeentelike bydraes	1,212,570	1,221,690
Plaaslike werksaamhede	61,043	59,884
Diverse	218,271	136,457
UITGAWES		
Salarisse en voordele	910,461	882,958
Administrasie kostes	115,157	110,517
Eindomuitgawes	128,740	130,024
Diverse	48,132	57,600
Sinodale bydraes	78,992	82,549
Ander	215,718	216,997
Netto kontant surplus (tekort)	(5,315)	(62,612)

Finansiele posisie soos op 28 Februarie 2018

	2018 R	2017 R
Bates	**4,785,470**	**4,285,830**
- Vaste Bates	2,936,761	2,174,624
- Beleggings	1,834,288	2,100,035
- Bedryfsbates	14,420	11,171
Laste	**2,239,288**	**1,611,505**
- Lenings	2,106,757	1,506,757
- Verskuldige bedrae	132,531	104,748
Kapitaal en fondse	**2,608,282**	**2,674,325**
- Kapitaal	711,893	711,893
- Fondse vir eie gebruik	1,339,517	1,429,746
- Fondse deur kerkraad geadministreer	556,872	532,685